# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
# 28 Januarie 2024

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

## 9:00 Erediens en Kinderkerk



*Prediker:* Ds Paullet Grobler
*Teks:* Johannes 4

*Teebeurt:* Wyk B

(Wyk B) se Ouderling: Andre du Plessis:

(Sluit in 20ste en 21ste Laan, Ben van Tonder en Antoinettestraat)

## Kategese en Belydenisklas na die diens.

## Geen Bybelstudie en Bybelskool hierdie week

**Nuwe lidmate**

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

**Week van Gebed begin vanaand!**

Kom sluit by ons aan vir ons Week van Gebed. Sondagaand (28 Jan) om 18:00 en Maandag tot Donderdag om 18:30!
Ons tema is: “Só moet ons bid” Gedagtes oor die Onse Vader.

# Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 28/01 | Mej | Sandra | Berger |
| 28/01 | Me | Pauline | De Wet |
| 29/01 | Mnr | Driaan | De Villiers |
| 29/01 | Me | Pauline | Kightley |
| 30/01 | Mnr | Lourens | Van Schalkwyk |
| 31/01 | Mnr | Hennie | De Villiers |
| 31/01 | Mnr | Hennie | Du Plessis |
| 01/02 | Mev | Evelyn | Bezuidenhout |
| 01/02 | Mnr | Brendan | Binns |
| 01/02 | Mev | Leandi | Botes |
| 01/02 | Mev | Jennifer | Du Plessis |
| 02/02 | Mev | Leana | Jeffries |
| 03/02 | Mnr | Adele | Loubser |



## *Lief en Leed:*

- Jason Herbst wat in die hospitaal is. Hy is baie ernstig.
- Annetjie Kok wat sukkel met verskeie gesondheidsprobleme. Sy was onlangs in die hospitaal.
- Christo Kok wat kanker het (Tannie Annetjie se seun).
- Annemarie Malherbe wat herstel na ‘n knie-operasie.
- Carol van der Westhuizen wat haar arm gebreek het.

**Geestelikegroei Oordenkings (Whatsapp)**

Indien jy die behoefte het om Bybelstudies/oordenkinge te ontvang per epos/Whatsapp, is jy welkom om vir my 'n boodskap te stuur (0768411568). Ek gaan hierdie jaar deurlopend selfstudie materiaal deel oor interessante onderwerpe, Bybelboeke/reekse, kerklike-jaartemas en sommer net gedagtes oor die Woord. Dit kan nuttig wees indien jy graag jou stiltetyd wil aanvul of saam wil dink oor verskeie onderwerpe. Hoe dit werk: Ek gaan ten minste een maal 'n week 'n oordenking plaas op die Whatsappgroep wat jy kan aflaai. Dit sal 'n geslote groep wees waar net die admins boodskappe kan plaas. Jy is dan welkom om die oordenking af te laai en deur die loop van die week dit deur te gaan en te oordink. Indien jy verdere gesprek sou wou voer of vrae het, kan jy my persoonlik kontak om te gesels! Daar sal een keer 'n kwartaal 'n geleentheid geskep word vir groepbespreking (nie verpligtend nie). So word gerus deel! Groete ds Paullet

# *Dorkas se Kombuis*

Nuwe jaar, nuwe dinge, nuwe beplanning ☺

Ons het met RHS koppe bymekaar gesit om te kyk hoe die skool daarin kan slaag om voorraad op te bou en sterk te staan, wanneer ons teen die einde van Januarie ons betrokkenheid verminder deur nie meer die primêre voorsiener van die voedingskema te wees nie. Daar is voorgestel om in die eerste kwartaal slegs elke 3de week kospakkies uit te deel en nie elke 2de week nie. Die versoek aan RHS is om die verskillende blikkies kos bymekaar te maak asook seep, tandepaste, rooibostee, suiker.

Ons vat hande saam met RHS en sal Dorkas se Kombuis sorg vir mieliemeel, soya, rys, macaroni, toiletpapier, soppe. Natuurlik sal ons verras met bederf ietsies soos mayo, konfyt, olie, aanmaakkoeldrank ☺ RHS is 'n groot gemeenskap en weet ons dat hulle pogings en die voedingskema projek suksesvol sal wees.

***Mag ons elke dag se pogings gebless wees*.**

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207613**

## Belangrike datums

**Week van Gebed**

Sondag (18:00) en Maandag tot Donderdag (18:30).

**Wegneemetes**

**2 Februarie**

Plaas gerus jou bestelling vir **Kerrie en Rys** (R 35) by ds Paullet teen 31 Januarie. Bestellings kan Vrydag tussen 16:00 en 18:00 afgehaal word by die kombuis.

**Eerste Nagmaal van 2024: 4 Februarie**

**Almal is welkom!**

**Stap by die Botaniese tuine**
**6 Februarie om 8:00**
Almal bo 60 stap gratis! Onthou net om jou ID saam te bring. Ons kry mekaar 8:00 binne naby die ingang onder ‘n boom vir koffie en beskuit voordat ons stap. Almal is welkom!

**Kinderkrans**
**9 Februarie om 14:15**
Alle Laerskoolkinders word uitgenooi om saam te kom speel, sing en leer by ons byeenkoms Vrydag! Dit is hope pret! Kontak gerus Cathy as jy meer wil uitvind: 0845146594

# ADVERTENSIES

Twee Slaapkamer woonstel beskikbaar vanaf 1 Februarie 2024.
Garrett Gardens, Dormerstraat, Queenswood.
Mooi uitsig vanaf 6e vloer.
Naby Eduplex, en Huis Herfsblaar.
Navrae 073 239 1332

Ruim 1 slaapkamer tuinwoonstel met oopplan kombuis/kuierarea te huur. R5700. Elektrisiteit ingesluit. Kontak 0829281374

William Phirri is baie betroubaar en hardwerkend. Van sy werkgewers verhuis Kaap toe en hy is Maandae en Donderdae beskikbaar om in die tuin te werk. (Aanbeveel deur Jeanne) Kontak 0829281374.

## Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, asook braaipakke en boudjies & dye is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 ‘n kilogram beskikbaar.
Vars plaasbotter – R65 vir 500g houer is ook beskikbaar.
Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos – R100 vir ‘n 8 kg sak en R275 vir ‘n 25 kg sak.

Wilma, ons skoonmaker hier by die gemeente, is opsoek na ekstra werk gedurende die week. Sy het Dinsdae en Donderdae oop wat sy as huishulp kan help indien iemand haar benodig. Kontak gerus die Kerkkantoor vir meer besonderhede.